Die Christelike Vrou

Junie 2025 Amptelike mondstuk van die NHSV

# Tannie Graaf

**Ek het vandag iets beleef wat my diep geraak het...**

Elke middag as ek vir ons seun wag ná skool of oefening, sit ek in my motor en volg stemboodskappe op of lees. Vandag was weer dieselfde... behalwe dat ek die vrou in die motor voor my dopgehou het, die oomblik toe sy met 'n klein graaf uit haar motor klim. My aandag was dadelik 100% by haar.

Vir 'n wyle was sy besig. Eers het sy gras uit die klein bedding voor haar motor losgeskoffel, en toe die papiere opgetel. Daarna het sy 'n wit houer uit haar motor gaan haal en iets voor haar motor in die bedding natgegooi. Nadat sy alles teruggesit het, het sy rustig in haar motor teruggeklim.

Ek moes weet: Wat het hier gebeur? Geen groot storie nie – net 'n paar minute en toe is alles oor. Ek stap nader en klop liggies aan die venster – en bid dat sy nie dink ek bedel iets, of verkoop iets, of wil haar beroof nie!

Die motordeur gaan oop en om die ys te breek, sê ek amper dadelik: "Hallo, my naam is Faith. Ons het 'n kind in die skool en my man is voorsitter van die beheerliggaam."

Die vriendelikste stem en oë begroet my. My hart beleef sommer dadelik hier is iemand met 'n hart vol omgee. Sy vertel my hoe hulle van die plaas af stad toe getrek het, hoe jy 'n boer van die plaas maar nie die plaas uit die boer kan haal nie. Sy hoop om 'n voorbeeld te wees, sê sy, want sy wil nie kla en self niks doen nie. Mense moet mos omgee vir die grond waarop hulle leef... en ek dink ja, soos die grondgebied wat die Here ons gee. Heers daaroor.

In 'n paar minute het ek jare en jare se goedheid voor my gesien. Daardie goedheid wat jou laat besef: Daar ís nog sout-van-die-aarde-mense. Hulle is nie *influencers* wat musiek by die prentjie sit om dit *cool* te laat lyk nie. Geen *bling* nie. Net perfek. Net iemand wat doen.

Net voor ek terugstap na my motor, sê sy: "Ek doen hierdie omdat ek kan. Dankie dat jy my gesien het!"

En net so voel dit of iemand in my hart se tuin kom skoffel het. Daar is nog geloof, hoop en liefde op die strate. Kyk net en sien die goedheid raak.

Dankie Mev "G(r)AAF" dat ek jou plasie by my kind se skool kon beleef.

Liefde, Faith

Ek het haar vandag weer ontmoet op dieselfde plek, en toe ek haar help om papiere om die motors op te tel en sommer ook die winterblare, kom die hoof van ons skool daar aangestap. Hy het haar genooi vir koffie...


Tannie Graaf is kosbaar.



https://www.facebook.com/share/p/1AzB6BBNG5/

# Streekbyeenkomste

*...want ek weet op wie ek vertrou*
*2 Tim 1:12*



Thea van Rooyen

# Streekbyeenkomste

**Namibië** — **Susan Janse van Rensburg, NHSV Dorsland streekvoorsitter**

**Die Hervormde gemeentes in Namibië se 51ste Nasionale NHSV Kongres is op 9 en 10 Mei gehou. Gemeente Windhoek was vanjaar die gasheer en 'n bekwame deel van die organisasiespan.**

Mev Wializé Rocher (NHSV Dagbestuurslid) en haar man, ds Guilliaume, het heerlik saam met die Dorslandse Hervormers gekuier. Soos die gebruik in Dorsland is, het al die predikantsvroue in die streek hul mans saamgebring. Die klomp dominees het ook die byeenkoms terdeë geniet. Dorsland se enigste vrouepredikant, ds Milankie van der Walt, het ook die Kongres bygewoon.

Vrydagaand is die streeksvergadering gehou. Hervormde vroue van oral in Namibië het saam gesels oor sake wat betrekking het op die passievolle bediening van die NHSV. Saterdagoggend was 'n mooi geleentheid van stil raak in 'n besige lewe. Dit was ook 'n terugskoue op jouself en die verhoudings in jou lewe. 130 mense het in 'n besige wêreld tyd gemaak om bymekaar te wees en geestelik verryk te word.



***Bo vlnr:***
***Wializé Rocher (NHSV Hoofbestuur), Susan Janse van Rensburg (NHSV Dorsland streekvoorsitter), dr Gustav Gous (Verhoudingseminaarspreker)***

Die geestelike verryking was 'n verhoudingseminaar aangebied deur dr Gustav Gous. Die hoofborg, BUILD IT, het simbolies aangepas by die tema vir die seminaar: *Gebou om te hou.* Dr Gustav het die eerste sessie ingelei met die volgende stelling: Almal wil goeie verhoudings hê, maar jy kry nie goeie verhoudings nie, jy bou dit!

Die eerste sessie het gehandel oor huweliksverhoudings en die tweede sessie oor ander verhoudings. Soos 'n borrelende fontein het hy die aandagtige luisteraars geïnspireer. As jy 'n goeie verhouding wil ervaar, werk eerste aan jouself. Vra jouself of jy "liefhêbaar" is en of jy heel is. Volgens dr Gous kan jy nie met *neediness* in 'n nuwe verhouding instap nie, want dan begin jy met 'n gebroke verhouding. Kry hulp!

Dr Gous sê: "Omring jou met *VIP*-mense. Dit staan vir *Very Inspirational People*. Vermy *VDP*: Dit staan vir *Very Draining People*. Dit is mense wat jou emosioneel dreineer. Wees 'n fontein van inspirasie en goeie vriendskap vir jou medemens. Fonteine is nimmereindigend. Fonteine se water kom van 'n eksterne bron. Dieselfde geld vir jou selfoon wat krag kry wanneer dit gelaai word. Vra jouself of jy 'n bron het waarvandaan jy jouself kan laai om 'n sterk medemens te bly."

***Onder:***

***Agter vlnr:***
***Lelanie Dykema, Tessa Oberholzer, Rina Joubert, Ansie Rossouw, Susan Janse van Rensburg, Wializé Rocher, Sandra Bezuidenhout, Alta Bezuidenhout***

***Voor vlnr:***
***Leandrie Human, ds Milankie van der Walt, Marietjie Otto, Cecilia Meyer, Sarita Rossouw, Retha Steinmann***



Dr Gustav het ook tieners en hul ouers gerusgestel. Die oplossing vir alle probleme van tieners is: GROOTWORD! Die gehoor het geskater van die lag, maar almal het besef dat dit die waarheid is.

'n Klomp wenners het tydens die gelukstrekking weggestap met wonderlike pryse! Daar was pryse geborg deur die naaldwerkindustrie, bekende kettingwinkels, restaurante, vakansie-akkommodasie, 'n boek van die gasspreker, blomme, kamptoerusting en mediese toerusting.

Die Namibiërs het 'n unieke karakter van gasvryheid en gesellige saamkuier. Ons almal weet dat die Hervormers net so lief is vir kuier. Wanneer die Hervormers



in Namibië van oor die hele land bymekaarkom, is dit soos 'n familiefees van goeie vriende wat mekaar weer sien.

Die Hervormers in Namibië het 'n hegte verhouding wat oor baie geslagte gebou is en oor jare en honderde kilometers steeds hou. Wanneer die Dorsland-gemeentes enige werk aanpak, is dit in liefde en met passie! Hulle is 'n span wat saamwerk en met verskeie mense se talente, ywer en harde werk 'n kongres kan aanbied wat geestelik verrykend en inspirerend is. Die NHSV Dorslandstreek is bevoorreg om deel te wees van die span wat gebou is om te hou en wat weet op wie ons vertrou.

**Swellendamstreek** **Marina Nortjé, NHSV Swellendam streekvoorsitter**



**Ons kuier weer lekker saam soos familie wat mekaar lanklaas gesien het.**

Dr Chris Venter gee vir ons 'n kort opsomming van ons tema van verlede jaar: *Al het ek geval, ek staan weer op.* Annette Fraser hanteer vanjaar se tema: *Want ek weet op wie ek vertrou*. En sy deel die volgende met ons: "Geloofsisteme is 'n gestruktureerde stel beginsels, waardes en idees wat elkeen van ons ontwikkel van kleins af. Gelowe kan verstaan word deur ervaring, statistiese bewyse, of soms net 'n ferm geloof sonder enige bewyse. As jy sterk glo in jou standpunt, is daar dikwels nie baie ruimte vir verandering nie. Geloofstelsels word nie in isolasie gegenereer nie, maar op mikro-, meso- en makrovlak van 'n betrokke gemeenskap oor tyd geskep en aangeleer."

**Onder vlnr:**
Ronel Joubert, Marina Nortjé, Marietjie Malan (Mosselbaai), Annette Pieterse, Bets Smith
Dr Chris Venter (sielkundige), Annette Fraser (sielkundige), Sanet van Wyk (NHSV Dagbestuurslid), ds Ferdie en Marina Nortjé






DEK DIE
Tafel
DEK DIE
Tafel

# Dek die tafel

**Ons Tuis vier koserfenis met nuwe resepteboek** **Daleen Gouws**

**Die warm geure van herinnering het deur die gange van Ons Tuis Seniorstuis gesweef tydens die amptelike bekendstelling op 22 Mei 2025 van Ons Tuis se splinternuwe resepteboek, *Dek die tafel*. Hierdie resepteboek is 'n koestering van Ouma se kombuisgeheime en die ryk koserfenis van die bejaarde inwoners van Ons Tuis.**

Volgens Mari-lizé Beukes, uitvoerende direkteur van Ons Tuis, is *Dek die tafel* nie net 'n resepteboek nie, maar 'n bydrae om die kostradisies van die ouer generasies te bewaar en aan toekomstige geslagte oor te dra. Sy sê: "Ons bejaarde inwoners het só baie kennis en ervaring wanneer dit by huislike kookkuns kom – hierdie boek gee hulle die geleentheid om daardie rykdom met die wêreld te deel."

Die boek kos slegs R250 en alle opbrengste word aangewend vir die versorging van die inwoners van Ons Tuis. Daarmee maak kopers nie net hul kombuis 'n lekkerder plek nie, maar dra hulle ook by tot die welstand van ons bejaardes. *Dek die tafel* is deur Lig in Duisternis Uitgewers uitgegee. Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur 'n ruim finansiële bydrae van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

*Dek die tafel* is beskikbaar aanlyn op Ons Tuis se webtuiste sowel as op Lig in Duisternis Uitgewers se platform.

**Vir aankope en navrae**
Telefoon: 012 325 1857
E-pos: info@otmt.org
Webadresse: Ons Tuis en
Lig in Duisternis Uitgewers

**Oor Ons Tuis**

Ons Tuis-fasiliteite bied bekostigbare, gehalteverblyf aan persone bo die ouderdom van 55.

Ons erken die behoefte aan veilige, geborge akkommodasie vir ouer persone en daarom bied ons 'n verskeidenheid verblyfopsies: van selfsorgeenhede tot gespesialiseerde sorg en dienste vir persone wat aan Alzheimer se siekte of demensie ly.

Elk van die agt tehuise van Ons Tuis, in drie van Suid-Afrika se provinsies, spog met uitnemende residensiële fasiliteite.

Vir meer inligting oor Ons Tuis en toekomstige geleenthede, besoek gerus Ons Tuis se webwerf by www.onstuis.org.

***Daleen Gouws (kommunikasie- en bemarkingbestuurder vir Ons Tuis); Mev Mari-lizé Beukes (uitvoerende direkteur van Ons Tuis) en ds Schalk Strauss van Lig in Duisternis Uitgewers***




Tooi Turkoois

# Tooi Turkoois

**Tooi Turkoois-veldtog**

**Mari-lizé Beukes, uitvoerende direkteur Ons Tuis**




**Tooi Turkoois is 'n veldtog wat bewusmaking skep vir die waarde en welstand van ons bejaardes, en vind jaarliks plaas van 15 Mei tot 15 Junie. Die laaste dag van hierdie veldtog, 15 Junie, staan bekend as Internasionale Dag vir die Bewusmaking van die Mishandeling van Bejaardes.**

Die verskillende tipes mishandeling van bejaardes sluit in fisiese mishandeling; emosionele mishandeling; finansiële uitbuiting; seksuele mishandeling; verwaarlosing; en verlating.

Al hierdie vorms van bejaarde-mishandeling is ewe erg. Daar moet daadwerklik opgetree word teen die oortreders en die bejaardes moet verwyder word uit hierdie uiters slegte omstandighede.

Verlating of agterlating kan opsetlik gebeur, maar baie keer onopsetlik wanneer die kinders van bejaardes emigreer of in ander dorpe gaan woon, en nie noodwendig saam met hul bejaarde ouers tyd kan deurbring nie.

Van hierdie gevalle van verwaarlosing en mishandeling in die gemeenskap word soms by Ons Tuis aangemeld. Dikwels gebeur die mishandeling op 'n daaglikse basis agter toe deure. Daar moet in alle gevalle opgetree word.

Bejaardes het ook nie altyd die vrymoedigheid om die gebeure aan te meld nie, wat net die patroon vererger, want dit word verswyg en nie op die regte plekke aangemeld nie.




Die emosionele welstand van bejaardes is 'n prioriteit by Ons Tuis. Dit word bevorder met daaglikse programme, uitreikaksies, speletjie-oggende en praatjies. Wanneer bejaardes nie by 'n tehuis ingeskakel is nie, is die blootstelling aan sodanige opbouende projekte 'n groot gemis in hul lewens.

Kameraadskap tussen bejaardes help om die eensaamheid te verminder wanneer saam gelees word, kunsaktiwiteite beoefen word en uitstappies in groepsverband plaasvind.

Ons almal het 'n roeping om na ons bejaardes in ons gemeenskappe om te sien – hulle wat die hoekstene van ons samelewing gevorm het en vir ons die basis gegee het waarop ons moet voortbou.

Ons het soveel om te leer by ons bejaardes. Hul leefwêreld is 'n skatkis vol kosbare herinneringe, stories en kennis waarby ons baat kan vind – 'n erfenis vir die nageslagte.

Kinders en bejaardes is die mees kwesbare mense in ons samelewing en ons moet hulle beskerm. Die liefdesgebod sê jy moet die Here liefhê en jou naaste soos jouself – dit sluit kinders en bejaardes in.

**Tooi Turkoois-veldtog**

Waardering, liefde en respek moet deel wees van ons omgee vir bejaardes in ons gemeenskap, sodat ons God se liefde ook teenoor ons naaste kan uitleef.

Dra jou turkoois strikkie met trots en dra die boodskap van Tooi Turkoois uit, sodat ons bejaardes kan beveilig, beskerm en ondersteun. Bederf hulle ook wanneer jy kan met jou tyd, aandag en liefde!

Lees by https://onstuis.org/blog/ons-tuis-kleur-saam-turkoois-vir-ons-bejaardes/ meer oor Ons Tuis se betrokkenheid by die Tooi Turkoois-veldtog.






**Verskeie TOOI TURKOOIS-bewusmakingsgeleenthede vind jaarliks van 15 Mei tot 15 Junie plaas.**

Volg hierdie skakel en/of die diakens se WhatsApp-groep om te sien wat vanjaar aangebied word deur gemeentes en ander instansies om bewustheid te skep vir die behoeftes van bejaardes.

Stuur gerus jul geleentheid se inligting en foto's vir plasing op ons Facebookblad.

Andries Pretorius
081 466 8691

RATA MAATSKAPLIKE DIENSTE ondersteun die TOOI TURKOOIS-bewusmakingsveldtog. Volg die skakel vir dienste beskikbaar by alle Rata-kantore: [https://rata.org.za/services-to-the-eldery/](https://rata.org.za/services-to-the-eldery/)

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Faith Durie, Susan Janse van Rensburg, Marina Nortjé, Daleen Gouws, Mari-lizé Beukes**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf *www.Pixabay.com* of *https://www.freepik.com* of skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com***
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za***

| | | |
|---|---|---|
| *www.nhsv.org.za* | ***Porterstraat 40, Rawsonville, 6845*** | *diechristelikevrou@gmail.com* |
| *diechristelike* | *Christelike Vrou* | ***082 923 9439*** |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***